Beste Digitale Skoolkoerant in SA (Netwerk24)

# Voorwaartsie

Hoërskool Bonnievale Skoolkoerant | hsbvoorwaarts.co.za | 18 Maart 2020 | R11,00

BL. 3
Olaf vertel ons 'n bietjie meer van sy lewe

BL. 4
Resensies: Kinderspyskaarte in Bonnievale

BL. 5
Gaan kyk na die kwartaal se foto's.

# Bonnies speel hond uit bos

HEINRICH WENTZEL

"Dit is 'n besonderse talent om te weet hoe om te speel," het Ralph Waldo Emerson eens op 'n tyd gesê. Hoërskool Bonnievale (HSB) se laerskoolleerders het onlangs bewys hulle kán speel.


Op 30 Januarie 2020 het HSB se VCSV (Verenigde Christen Studentevereniging) die laerskool met 'n speletjiesdag vermaak. Dit het in HSB se skoolsaal plaasgevind. Volgens Angelique Rautenbach was dit 'n groot sukses. "Daar was baie kinders wat dit bygewoon het en hulle het dit vreeslik geniet. Die saal was propvol."

> Die saal was propvol.

Daar was nege stasies, elkeen met 'n interessante speletjie. Die kussinggeveg was een van die gewildste speletjies. Die deelnemers moes op 'n balk staan en hul opponent probeer afslaan met 'n kussing. Hiér het Kurtley Windvogel (gr. 4) die eerste plek behaal. Die kondensmelkgooi was ook 'n treffer. Ruan Gerber (gr. 5) het dié speletjie gewen. Deelnemers moes 'n kondensmelkblikkie met 'n tennisbal gooi. Die een wat die meeste blikkies van 'n tafel af kon gooi, het gewen.

Maliah Botha (gr. 5) vertel dat dit baie pret was. "Ek hoop hulle hou meer gereeld speletjiesdae en dat die dag in die vervolg langer sal aanhou."

Hugo Cloete (gr. 3) het die visvangkompetisie gewen terwyl Jayden Windvogel (gr. 6) al sy opponente in die rekkieskiet geklop het. By die netbal het Aidon Hankey (gr. 6) stof in die ander se oë geskop. Enrigue Grove (gr. 4) en Kyla Schoeman (gr. 3) het die eerste plek by die wortelgooi gedeel. By die veerpyltjiekompetisie het Janien de Wet (gr. 4) en Kyle Willemse (gr. 5) ook die eerste plek gedeel. Die vuurhoutjiespeletjie het nie 'n wenner gehad nie, maar almal het goed gevaar. Lika le Roux (gr. 3) het goud verwerf by die varksnoet-speletjie.



Theron Syfert (gr. 2) besig om sy staal te wys by die kussinggeveg. | FOTO: Luané Wessels

# Idiome: Grieks vir kleintjies

Idiome is Afrikaanse uitdrukkings wat baie min mense en veral kinders deesdae gebruik of selfs verstaan. Allison Fourie het die graad een en twee-leerders se kennis met drie Afrikaanse idiome getoets.

1. Daar is 'n slang in die gras.
2. Sy het 'n kat in die sak gekoop.
3. Hy het die aap uit die mou gelaat.



Nia Niemand Gr.2

1. Jy moet pasop.
2. Die kat kan spring.
3. Die aap byt jou.




Grace Williams Gr. 1

1. Jy kan nie op die gras lê nie, want die slang gaan jou met gif spoeg.
2. Die kat maak die sak stukkend.
3. Die aap gaan weg en kom nie weer terug nie.



Nelco Cloette Gr. 1

1. Jy moet nie op die gras gaan nie.
2. Jy gaan doodgaan.
3. Jy is lewendig.



Zaylin Witbooi Gr. 2

1. Jy moet hardloop.
2. Die kat is gelukkig.
3. Jy lag vir die aap.

## BESKERM JOUSELF TEEN DIE CORONAVIRUS:

1. Was jou hande gereeld!
2. Vermy om aan jou oë, neus en mond te raak.
3. Vermy kontak met mense wat siek is

**Volg hierdie volgende ses stappe om te verseker dat jy jou hande reg was (via *Western Cape Goverment*):**








# Sneeuman se stories...

Nadat die Disney-trefferfilm, *Frozen*, se opvolger, *Frozen* 2, op 6 Desember wêreldwyd vrygestel is, het Fransél Viljoen 'n bietjie met Olaf, die ikoniese sneeuman, gaan gesels.


| FOTO: pngmart.com

### Hoe oud is jy?
Sneeumanjare werk bietjie anders as mensjare. Ek is drie jaar oud in sneeumanjare, maar in mensjare is ek al 12 jaar oud.

### Wat is sneeuman se gunstelingding om te doen in die somer?
Ek en Samantha geniet dit om op pieknieks te gaan, baie roomys te eet en om op die strand te gaan stap en swem, maar ek moet altyd onthou om my sneeuskerm aan te smeer anders gaan die vakansie dalk nie so goed eindig nie. My sneeuskerm hou my lekker koel en keer dat die son my smelt.

### Wie is Samantha?
Samantha is my heel beste maatjie. Ek het haar ontmoet in die woud toe ek vir Anna en Elsa gaan soek het en van toe af doen ons alles saam.

### Gaan jy skool toe?
Ja, ek gaan na Laerskool Sneeuflokkies toe en daar leer ons hoe om te tel, te skryf en hoe om vriendelik te wees met ons maatjies. My heel gunstelingding om te doen is om in die winter te gaan ysskaats gedurende LO-prakties saam met al my klasmaats.

### Wat is jou gunstelingvak op skool?
My gunstelingvak op skool is definitief LO-prakties. Ons gaan ysskaats op Maandae en op Donderdae kyk ons wie die vinnigste om die Arendelle-kasteel kan hardloop.

### Doen jy enige sport?
Ek is mal oor wintersport, maar ek hou glad nie van somersport nie. In die somer kry ek hopeloos te warm om enige sport te doen, ek loop selfs die gevaar om te smelt in die somer.

### Het jy al ooit gedink daaraan om jou neus te eet?
Ja, ek raak partykeer in die aande, wanneer almal in die kasteel al slaap, baie honger. Ek voel te sleg om vir Elsa wakker te maak, maar gelukkig het ek laai vol ekstra wortels. Ek haal dan maar net weer vir my nuwe neus uit.

### Wat dink jy van aardverwarming?
Ek is baie hartseer daaroor. Almal wat so die lug besoedel maak my hartjie verskriklik seer. My sneeuhuisie het gemelt as gevolg van aardverwarming en nou woon ek by Anna en Elsa in die Arendelle-kasteel.

### Is daar iets wat jy graag vir ons lesers wil sê?
Ja, wees altyd vriendelik met al jou maatjies, luister mooi as grootmense met jou praat en gee jou heel beste in alles wat jy doen.

Skandeer hier met jou selfoon om *Into The Unknown* (deur Indina Menzel en AURORA), een van Frozen 2 se nuwe oorspronklike liedjies, te gaan luister.

MÔRESON GRONDVERSKUIWERS
023 626 3044
moresongrondverskuiwers.co.za
moreson@lando.co.za
h/v Kerk- & Industriastr., Robertson, 6705

ONS PLOEG TERUG IN ONS GROEIENDE GEMEENSKAP



Ons spesialis dienste:
- Grondvoorbereiding
- Bou van Gronddamme
- Walle vir Landbou
- Grawe van Slote
- Massa-grondwerke
- Padrehabilitasie
- Rivierrehabilitasie
- Boord- & Wingerd Herwinning

# Magies vol, beursies leeg

**Bonnievale is 'n klein dorpie waar daar groot geëet word. Rachelle du Preez het gaan ondersoek instel na die verskillende kinderspyskaarte wat Bonnievale se restaurante vir honger magies aanbied.**



## Relish

In hierdie restaurant, reg oorkant Bonnievale Supermark, kan enigiemand wat 'n rowwe skooldag gehad het, lipaflek-lekker trooskos kom eet.

Relish is nie baie ver van Hoërskool Bonnievale nie. Jy kan kies tussen 'n tafeltjie in die vrolike gebou, waar jy kan staar na prentjiemooi legkaarte van lerland teen die mure, of 'n tafeltjie in die tuin, wat gerieflik naby aan die swaaie is en jou heeltemal laat vergeet dat jy reg langs Bonnievale se besige hoofstraat is.

Die restaurant het ook 'n lieflike afdeling met geskenke. Van konfyt tot juweliersware. Die gedeelte is 'n treffer vir oud tot jonk.

Die spyskaart het 'n spesiale afdeling vir jonger kinders, met opsies soos geroosterde ham-en-kaas-toebroodjies en visvingers wat jou herinner aan jou ma se kos: kos gemaak met liefde in oorvloed.

## Bonfrutti

As jy jou eetlus vir 'n rukkie kan demp en so 'n entjie uit Bonnievale uitry in die rigting van Swellendam, sal jy beloon word met 'n padstal waar niemand met jou sal raas as jy op die mure skryf nie! Bonfrutti se mure is al vol van sy besoekers se resensies en kommentaar en jy sal welkom wees om jou eie merk te laat.

Hier kan jy 'n ete kom eet as jy in die bui is om soos 'n regte plaasjapie te voel. Die tafeltjies in die tuin kyk uit op die berge en jy word omring met klimrame, wipplanke, swaaie en 'n stokou trekker.

Meeste van die items op die spyskaart kan deur grootmense én kinders bestel word, alhoewel sekere geregte spesiaal vir kinders uitgesit is. Die spyskaart is soos 'n bestelvorm uitgelê, wat beteken dat jy 'n merkie langs jou bestelling kan maak en dan die vorm vir die kelner of kelnerin kan gee. So kom geniet 'n pannekoek, roosterkoek of melkskommel wanneer jy Bonfrutti besoek!




| FOTO'S: Rachelle du

## T-Junction

As jy so honger is dat jy nie 'n oomblik langer kan wag wanneer jou skooldag klaar is nie, is T-Junction die plek vir jou! Dit is net om die hoek as jy by HSB se hekke uitstap.

Jy kan jou heerlike bord kos eet terwyl jy uitkyk op die hoofstraat en al sy bedrywighede. Hier is daar ook 'n spesiale kinkel wat bygevoeg word as jy van die kinderspyskaart bestel: 'n oulike gesiggie wat op jou bord pronk. Jy sal net so breed soos daardie gesiggie glimlag wanneer jy klaar is met jou bord kos.

Hierdie restaurant is in 'n gesofistikeerde ('n mooi Afrikaanse woord vir "fancy") styl opgedollie. Dit beteken dat jy net so groot en volwasse soos mamma en pappa gaan voel as jy saam met hulle eet. Boonop is daar van jou gunstelinge op die spyskaart, soos warmbrakke ("hot dogs") en souserige ribbetjies...





# Laerskool pronk met pragtige kostuums

| ADELE DE WIT

Elke jaar tydens die Alfabetdag kry die gr. 1 tot gr. 3 klasse 'n letter van die alfabet waarvolgens hul moet aantrek. Die gr. 1's, 2's en 3's het op 21 Februarie 2020 gespog in hulle unieke kostuums. Van engeltjies tot 'n vreesaanjaende haai kon gesien word by vanjaar se Alfabetdag.

"Die kinders was almal baie kreatief en almal van hulle was wenners in my oë. Dit is lekker om te sien dat daar soveel leerders deelgeneem het," was die woorde van juf. Githe-Mari van Loggerenberg.

Die wenners by die gr. 1's was Caleb Baardman (elektrisiën) met 'n eerste plek, Justin Conradie ("eagle") met 'n tweede plek en Luané Janse van Rensburg (een) was derde. By die gr. 2's was Ruben Potgieter, 'n grassnyer, eerste, Minné le Roux ("glue") tweede en Ebronique Pokwas ("grapes") derde en by die gr.3's was Amber Sass (Hulk) eerste, Anica Gerber, aangetrek as 'n hippie, tweede en Shackeal Mfundisi, 'n heks derde.

Skandeer hier om die res van die eienaardige kostuums te kyk!

Die beoordelaars was mev. Ilze Wentzel en mev. Sasha van Schalkwyk. Mary- Ann Brown, 'n aflos onderwyseres, het die volgende te sê gehad, "Die kinders was ongelooflik kreatief en jy kon sien dat daar vreeslik baie moeite gedoen is. 'n Mens kon sien die kinders het dit baie geniet."



Luané Janse van Rensburg (gr. 1) spog met haar "een"-kostuum.

| FOTO: Adele de Wit

## As die hoërskool weg is, is die laerskool baas

| ANJA DU PLESSIS

Laerskoolleerders het op 29 Februarie 2020 lekker makietie gehou. Die graad 7 VRL-lede het Vrydag aand die laerskoolleerders vermaak met 'n fliekaand in die skoolsaal.


Leerders kon die fliek *Peter Rabbit* saam met hulle vriende geniet. Leerders kon vanaf 18:00 van die fotohoekie gebruik maak. Die film het om 19:00 afge-skop en almal was voor die skerm vasgevang.

Daar was ook pizza en roomys verskaf wat die kinders gedurende die fliek kon geniet.

Milla le Roux (gr. 5) sê: "Die lekkerste deel was om pizza te eet, buite rond te hardloop en te speel. Ons het deesdae nie meer tyd vir buite speel nie as gevolg van huiswerk, so die speeltyd was baie lekker."

## Strokiesprent

| STROKIESPRENTTEKENAAR: JANA COETZEE








# Bonnies se koppe hoog bo water

| FRANSÉL VILJOEN

Hoërskool Bonnievale (HSB) se laerskool was op 5 Maart 2020 genooi om 'n swemgala, gehou deur Laerskool Worcester-Oos, by te woon.

Dit was die heel eerste swemgala wat deur Worcester-Oos aangebied is. Laerskoolleerders van Robertson, Worcester, Ceres en Bonnievale was genooi om hierdie geleentheid by te woon en die dag saam te geniet. Die atmosfeer was gemaklik tussen ouers, wat hulle kinders aangemoedig het vanaf kampstoele, onder die groot koeltebome langs die swembad.

Daar het veertien leerders van Hoërskool Bonnievale deelgeneem en die Bonnies het puik presteer. Na die swemmers hulle beste gegee het en die volle 50 m voluit geswem het, het Bonnievale die dag, asook hulle swemseisoen, met 'n briljante uitslag van 5 derde plekke, 6 tweede plekke en 4 eerste plekke afgesluit.

Juffrou Sané Nel (laerskoolswemafrigter) sê," Dit was 'n heerlike dag van swem en pret en ek kan beslis met groot trots en blydskap na elke swemmer kyk en sê dat elkeen sy/haar beste gegee het en die seisoen op 'n goeie noot afgesluit het."

# Bonnies verloor, maar dis ver van oor

| ANRI VAN NIEKERK


Hoërskool Bonnievale se laerskool-krieketspan was so naby, maar tog so ver in hulle wedstryd teen Bredasdorp op 12 Februarie 2020. Ons paaltjies was afgeslaan na 'n baie spanningsvolle wedstryd.

Bonnies het eerste gekolf en het tot by 80 lopies gekom. Toe dit Bredasdorp se beurt was het die Bonnies baie van Bredasdorp se spelers uitgeboul. Hulle het vier beurte gekry en het heeltyd viere geslaan. Die Bonnies het gedink dat hulle die wedstryd in die sak gehad het, maar Bredasdorp het na 'n ruk begin gees vang. Ons was sommer gou ingehaal en Bredasdorp het toe ons paaltjies afgeslaan. Die Bonnies het ongelukkig verloor.

Ons kyk maar wat maak die Bonnies in hulle volgende wedstryd. Hou ons naam hoog!



| GRAFIKA: cdn.clipart.email



Anica Gerber (gr. 3) en Mia van Zyl (gr. 5) laat die water in Worcestor spat!

| FOTO'S: Fransél Viljoen

# Haasbekkies deel hul kleure-atletiek kommentaar

Jou eerste kleure-atletiekbyeenkoms is iets wat jy vir ewig sal onthou. Heinrich Wentzel het die graadeens oor hulle ervaring met hulle heel eerste kleure-atletiek.



Caleb Baardman

***Wat was vir jou die lekkerste gedeelte van die kleure-atletiek?***
Ek het dit baie geniet om vinnig te hardloop en my maatjies te wen.

***Het jy die kleure-atletiek geniet?***
Ja. Ek gaan vir my ma vra of ek weer kan deelneem, want dit was baie



Jaston Conradie



Li-Anjay Kühn

***Hoe was die kleure-atletiek vir jou?***
Dit was baie lekker, veral om liedjies te sing.

***Watter gedeelte van die kleure-atletiek het jy die meeste geniet?***
Dit was vir my die lekkerste om saam met my maatjies te hardloop.



Mickuh de Koker

# Sport

Hoërskool Bonnievale Skoolkoerant | hsbvoorwaarts.co.za | 18 Maart 2020 | R11,00





BL. 6
Die laerskool hou weer Alfabetdag

BL. 7
Bonnies-swemmers kraai koning

BL. 6
Laerskoolleerders hou fliekaand




# Twee silwers op skrikkeldag

| MARIANNA JONKER

Anina Visser (o.13) het op 29 Februarie 2020 by die laerskool Boland-atletiekbyeenkoms in die Paarl twee tweede plekke vir diskus en gewigstoot verower.


> *Sy het die Bonnies se leuse, Immer Voorwaarts, puik uitgebeeld.*

Sy het bewys dat sy die laerskool se meester van die velditems is, deur verder ook 'n vierde plek in spiesgooi te behaal. Sy het haarself bewys deur die gewigstootbal 8,88 m ver te stoot, die diskus 24,43 m ver te werp en die spies 21,86 m van haar in die gras te laat pen.

Anina was die laerskool se enigste deelnemer van Hoërskool Bonnievale. Sy het die Bonnies se leuse, Immer Voorwaarts, puik uitgebeeld.

Volgens haar was die kompetisie baie straf veral in die spiesgooi. "Ek is verskriklik bly dat mnr. Francois Hattingh en my ouers het my ondersteun," het sy ná die haar items gesê.

Anina dring nou deur na die Wes-Kaap byeenkoms om verder daar deel te gaan neem.



| FOTO: Verskaf

Anina het twee silwermedaljes ontvang.





Anina warm op vir haar diskus-, spiesgooi- en gewigtootsitems.

| FOTO'S: Lian Beukes